
# DPS NUUSBRIEF

JANUARIE 2025

DPS Pleegsorg

Glo, Stabiliseer, Ontwikkel




WELKOM BY ONS EERSTE NUUSBRIEF VIR 2025

## Desember pret



Vakansies is gemaak vir swem, laat slaap, speel tot jy omval en ook soms n handjie bysit waar nodig.

Hier in Ninapark het ons dit alles gedoen, maar ons het ook teruggegee deur by Wollies te gaan uithelp om hokke skoon te maak, ons het ons tuin opgeknap en verfraai en natuurlik het ons ook n draai by die Bloedbank gaan maak om ons deel daar by te dra.

Ons ouers het darem ook so tydjie gehad om weg te glip, en te gaan ontspan voordat hulle 2025 aandurf. Baie dankie aan Ronel van Elsburg Huis wat gedurende hierdie tyd so mooi na een van ons seuns omgesien het.



# Desember vakansie

Desember vakansies kan regtig lank raak, veral wanneer n kind geen familie of vakansie vriende het om by te gaan kuier. Ons besef dat elke kind n hunkering het om te behoort en ook graag na die lang vakansie terug by die skool wil deelneem aan gesprekke rakende heerlike vakansie aktiwiteite.

Om hierdie rede probeer ons altyd gedurende die lang vakansies n lekker aktiwiteit te reel vir ons siele wat die vakansie moet inbly.

Desember was geen uitsondering nie! Op 17 Desember 2024 het ons ouers en kinders die pad Pretoria toe aangedurf vir n lekker besoek aan Rietvlei Natuurreservaat.



Danksy die wonderlike reen waarmee ons geseen is, het dit maar met tye gly-gly gegaan tot groot vermaak van die kinders en bietjie vernuf van die bestuurders se kant.

Ons het renosters gesien, selfs n baba, buffels, elande, zebras en nog vele meer. Ons het hard gesoek vir die seekoei maar kon hom nerens vind. Na die lekker ry en kuier het ons gaan piekniek hou by Marais dam waar oom Bennie vir ons wors gebraai het om die innerlike te versterk.

Die kinders het hiedie tyd benut om van hulle energie ontslae te raak en ook sommer net lekker te kuier en op te vang.








# Ons foto gallery















Belydenis van geloof



## Ons groet...



Die afgelope Desember sal nie net vir die pret onthou word nie, dit was ook die maand waar ons vir Jacques moes groet. Jacques wat as klein seuntjie sewe jaar terug by ons geplaas is, is die afegelope vakansie met sy familie herenig. Die lewendige seuntjie, nou n volwaardige tiener seun, het voorwaar diep spore in ons harte getrap en sal hy vir altyd onthou word as klein “Jacque’tjie”. Ons is egter saam met hom en sy familie opgewonde oor die nuwe hoofstuk in sy lewe en soos dit n DPS familielid betaam, sal ons altyd daar wees om sy suksesse te vier en die trane te help afvee. Jacques mag dit met jou goed gaan,ons verlang alreeds!







## Ons pleegpa op die krukkelys



Net voor ons die ou jaar behoorlik kon groet beland ons pleegpa, Marius, in die hospitaal. Die man het ons groot laat skrik, maar gelukkig met die liefde en versorging van Cornel asook die verpleeg personeel, kon hy drie weke later ontslaan word, en sterk hy nou tuis aan voordat hy moet gaan vir sy opvolg operasie. Cornel wil graag almal bedank wat haar en die gesin in hierdie moeilike tyd ondersteun het. Tussen die skool wat begin, drie matrikulante en n Graad 8 met hospitaalbesoeke tussen deur het sy haar geweldig goed van haar taak gekwyt!

# Ander nuus

## Poenskop vir Pleegsorg

Wil julle bietjie kleur aan julle fees, basaar of hare gee? Nooi ons en ons beloof om almal se dag op te kikker met n kleur hier en n haarsny daar. Sien uit om by julle te kom kuier.

Ons sal help om julle geleentheid te bemark.

Kontak Suzanne van Deventer by 0664778904 of epos by suzanne@rata.org.za.


















# Belangrike datums vir 2025



Ons 2025 kalender is reeds propvol lekkerte. Ons deel graag n paar belangrike datums met julle:

- 2 Maart 2025 - Deurkollekte vir ons DPS Huise
- 20 tot 23 Maart 2025 - DPS Gesinskamp
- 31 Mei 2025 - Wereld Pleegsorg Dag
- 11 Julie 2025 - Opleidingsgeleentheid vir pleegouers en kinders
- 13 September 2025 - Opleidingsgeleentheid
- 6 tot 10 Oktober 2025 - Kinderkamp
- November - Liewe Kersfees Vader




Die Toesigkomitee vergader kwartaaliks. Indien u nog nie betrokke is nie, kontak vir Ds Jimmy Manders en raak betrokke. Jy sal nie spyt wees nie! Dr Manders kan gekontak word by 083 254 4771 of epos jtmander@icon.co.za

Vergaderings kan ook aanlyn bygewoon word. Stuur jou naam en nr en ons laat weet jou wanneer ons volgende vergadering plaasvind!





## BEHOEFTES

Ons behoeftes tans:

- Nie-bederfbare voedsel
- Vleis
- Brood en smere
- Vars groente en vrugte
- Bord speletjies
- Donasies vir bedryfsuitgawes (brandstof, elektrisiteit, diens van motor, ens)
- Skool benodighede
- Toiletbenodighede en skoonmaak middels
- Donasies vir terapeutiese uitgawes, arbeidsterapie, lees klasse
- Dokters, tandartse wat bereid sal wees om ons kinders pro bono of teen verlaagde tarriewe te sien
- Klere en onderklere vir ons kinders



# Ons se dankie




Baie dankie aan elke gemeente en individu wat na ons uitreik, julle betrokkenheid en gebede maak werklik n verskil.

Ons is die afgelope Desember geseen met kersgekskenke en heerlike uitstappies.

Dankie aan gemeentes wat betrokke is, nie net om ons kinders se magies vol te hou nie maar ook investeer in ons kinders se emosionele welstand.

Laastens aan elke donateur - soos ons Bestuurder, mnr Viljoen, in n skrywe noem - dit neem meer as water en koekies om ons kinders heel en gesond die grootmens wereld in te stuur - dankie dat julle bydraes ook vir terapie en ander noodsaaklikhede aangewend kan word.





**BANK BESONDERHEDE:**
**DPS-HUIS NINAPARK**
**ABSA**
**REK NR: 00 6019 5544 TAK KODE: 632 005**

## Hoe om ons te kontak

